

Towerlantern Fotografie

fotografienuus

april 2018



"Aandlig"

Lensopening f2.8; Sluiterspoed 1/1250 sekonde; Fokale lengte 100 mm

As jy sê dat die wolke in hierdie foto mooi lyk, maar uit fokus is, dan is jy heeltemal reg – dit was presies die bedoeling. Die voorgrond is skerp in fokus en die agtergrond uit fokus. 'n Tweede foto waar die omgekeerde gedoen is, is tydens dieselfde fotosessie geneem.

Wat hier uitgelig word, en wat die hooftema van hierdie uitgawe van *Fotografienuus* is, is vlak velddiepte. As jy streef na kreatiwiteit in jou foto's – en almal wil dit sekerlik doen – dan is hierdie die een saak om onder die knie te kry. Lees dus gerus verder.

Geniet ook die bydræes oor *Op internet gesien* en *Algemene foute* – en in die algemeen al die ander sake waarvoor gesels word. En belangrik ook, moenie April se foto-uitdaging vergeet nie. Een van die deelnemers aan Maart se uitdaging, Maryke Schoonen, maak juis die volgende opmerking in dié verband:

"Hierdie uitdagings gee ons regtig 'n doel om na toe te werk elke maand. Selfs al kom ons nie heeltemal reg nie, leer ons darem vreeslik baie nog steeds; plus, ons kameras gaar nie stof op nie. Dankie!!"

Laat dit jou aanspoor!

Johan

Luim in 'n foto – vlak velddiepte



Die term “velddiepte” word baie algemeen in fotografie gebruik. Wat beteken dit? En nog meer, hoekom word dit gebruik om luim (soos verlede maand in *Fotografienuus* bespreek) in 'n foto toe te pas?

Velddiepte kan verduidelik word as dié gedeelte voor jou oë (of voor die kamera se lens) wat skerp in fokus is. Beskou as voorbeeld die volgende twee tonele:

- ✓ Jy kyk na 'n veraf landskap (sonder dat jy jou oë rondbeweeg); dan is alles skerp en duidelik. Daar is dus 'n groot in-fokus gebied; of anders gesê, 'n *groot velddiepte*.
- ✓ Jy hou jou wysvinger ongeveer 20 cm voor jou oë en kyk daarna (sonder dat jy jou oë rondbeweeg); dan is net jou vinger skerp en die agtergrond onskerp. Daar is dus 'n klein in-fokus gebied; of anders gesê, 'n *klein velddiepte*.

Hierdie twee gevalle is twee uiterste gevalle. Sowel 'n groot velddiepte as 'n klein velddiepte het sy toepassing in fotografie. Maar veral 'n klein velddiepte laat 'n toneel baie dramaties lyk, soos in die voorbeeld hierbo.

 Towerlantern Fotografie

facebook

Moenie vergeet om gereeld op ons Facebookbladsy te kyk nie (klik op die skakel hierbo). Die daaglikse rubrieke is: Fotografievriende, Kunsfotografie, Kamera- en fotowenke, Uit die Verlede en Op Internet gesien.

Deel gerus ook jou foto-ervaringe met ons op die bladsy!

Towerlantern Fotografie
- april 2018 -

Neem foto's met 'n baie vlak velddiepte


Riglyne

Ons leer ons studente dat 'n klein velddiepte gekry kan word met 'n groot lensopening. Maar dit is nie al nie – daar is in totaal drie instellings wat jy kan doen vir 'n minimale velddiepte, naamlik:

- ✓ Kies die grootste lensopening.
- ✓ Zoem so veel as moontlik in.
- ✓ Fokus so naby as moontlik.

Ons help nou stapsgewys sodat jy 'n kreatiewe foto met 'n baie vlak velddiepte kan neem. Doen dan die volgende stappe:

- ✓ *Driepoot*: Stel die kamera op 'n driepoot op.
- ✓ *Lenskeuse*: Maak enige lenskeuse. As jy 'n zoemlens het, gebruik dit wel en zoem so ver in as moontlik (kies die grootste mm-waarde op die lensstelsel).
- ✓ *Komposisie*: Verkry 'n toneel voor jou met 'n enkele item naby wat ver weg is van die agtergrond. Besluit wat sal die beste werk, portret- of landskapformaat.
- ✓ *Voorlopige fokussering*: Fokus op die enkele item voor jou. Gebruik verkieslik handfokussering. Fokus so naby as moontlik in deur die item nader aan die kamera te bring, of andersom.
- ✓ *ISO*: Kies 'n lae ISO.
- ✓ *Witbalans*: Eksperimenteer daarmee.
- ✓ *Lensopening*: Kies die grootste lensopening.
- ✓ *Sluiter spoed*: Gebruik die liniaal om die "korrekte" instelling te kry. Varieer die sluiterspoed vir meer kreatiewe foto's.
- ✓ *Fyn fokussering*: Probeer om die naaste onderwerpafstand te behou. As die fyn fokussering nie slaag nie, skuif die kamera bietjie verder weg van die item en probeer weer.



Gaan voort met die fotosessie. Dit kos oefening, maar probeer dit regkry vir die huidige en komende herfstonele. Stuur jou beste foto's vir Towerlantern; ons plaas dit graag op Facebook of in 'n volgende *Fotografienuus*. Laat die meegaande foto jou 'n idee gee.


Lensopening $f4.5$; Sluiter spoed $1/25$ sekonde; Fokale lengte 130 mm; Onderwerpafstand $1,5$ m

Polariseringsfilter

Ons het verlede maand gesels oor die gebruik van filters in fotografie. Daar is onder andere verwys na die ingeboude kleurfilters van moderne kameras en ook die kleureffekte wat jy kan kry met die kamera se witbalansinstellings.

Een tipe filter wat nie genoem is nie, is die polariseringsfilter. Dié tipe filter skrœf voor aan die kamera se lensstelsel vas en die bedoeling is dat dit ligweerkaatsings moet uitskakel. Dit help byvoorbeeld om 'n melkerige blou lug na 'n helder blou lug te verander; of om verblindende weerkaatsings op water uit te skakel. As jy geld wil spandeer op kameratoerusting, is hierdie 'n goeie koop.

Die twee foto's hierby wys wat die filter kan doen. In hierdie geval is die weerkaatsing egter wel die belangrike saak. Daar is geen verandering aan die fototoneel gemaak nie. Die enigste verskil is dat die filter in die een geval gebruik is om weerkaatsings uit te skakel en in die ander geval nie. As jy dit nie glo nie, kyk na die swart kolletjie in die middel links op albei foto's en oortuig jouself dat dit dieselfde toneel is.



ALGEMENE FOUTE

geskryf deur Johann Nel

- ✓ Om iets by die huis te vergeet.
- ✓ Om nie betyds by die plek/grœp/byeenkoms te wees nie.
- ✓ Om nie vooraf oor die plek of onderwerp inligting daaroor te lees en/of te bestudeer nie.
- ✓ Om met verkeerde kamera-instellings te begin.
- ✓ Om nie rond te beweeg en só die kamerahoek te verander nie.
- ✓ Om, afhangende van die omstandighede, nie 'n driepoot te gebruik vir skerpte in foto's nie.
- ✓ Om te vrœg op te pak, en nie te bly tot op die laaste nie (indien moontlik).
- ✓ Om die kamera-instellings terug te stel na outomaties (byvoorbeeld AWB by witbalans).
- ✓ Om nie altyd so na as moontlik aan die onderwerp vir isolering en vlak velddiepte te beweeg nie.

Towerlantern se volgende kursus

Ons noem weer ons volgende eerstevlakkursus:

- ✓ Datums: Die kursus vind plaas gedurende die tweede kwartaal van 2018 en begin DV op 25 April en duur tot 31 Mei.
- ✓ Koste: Die koste is R1400 vir die hele kursus, bestaande uit 10 klasgeleenthede.
- ✓ Wat om te verwag: Die kursus begin met algemene sake soos komposisie, kleur en lig. Dan gaan dit verder na basiese kamera-instellings soos lens-opening, sluiterspoed en ISO. Hierna begin toepassings op verskillende tereine, waaronder mens-, sport-, landskap- en blomfotografie. Aan die einde van die kursus sal jy verstom staan oor wat jy alles met jou kamera kan uitrig – en tot watter mate van kreatiwiteit jy in staat is.

As jy nog nie een van Towerlantern se kursusse bygewoon het nie, kom dan beslis. As jy dit reeds al gedoen het, deel dit met familie en vriende.

OP INTERNET GESIEN




Bolshoi ballet - Junior class warm up

Gebruik jou familie om jou kreatiwiteit vlerke te gee! John Wilhelm, 'n Switserse fotograaf maak interessante opstellings met sy vrou en drie dogters as modelle. Op sy webblad sê hy: "I love bringing my fantasy to life with the help of my own images, Photoshop and 3D Software. Due to the fact that it is more an obsession than plain passion I call myself a photoholic."

Die foto gee 'n idee van sy werk. Kyk hier vir nog van sy skeppings (<http://www.john-wilhelm.ch>). Leef jou fotografiepassie uit!

Aanlynkursusse

DAG 1 *sien die foto's!*



BESPREKING

Foto's en fotogeleenthede kom gewoonlik nie maar net op hul eie na die fotograaf toe nie – jy moet self voortdurend daarvoor op die uitkyk wees.

Oefen jousef dus altyd in om foto-moontlikhede raak te sien – selfs ook wanneer jy nie jou kamera by jou het nie. Hoe meer jy dit oefen, hoe meer sal jy foto's raaksien. Moenie maar net tevrede wees met die eerste poging nie. Vra jousef af hoe jy die foto verder kan verbeter. Die bespreking in die volgende dagstukke sal jou hiermee help.

Kyk voortdurend om jou en sien die foto's. Die verskillende seisoene – herfs, winter, lente, somer – is 'n maklike beginpunt. Sien dit raak. Sien die mooiheid raak. Sien die lewe raak! Wees gereed om vinnig 'n foto te neem, soos die kindertjies in die foto links.

het jy geweet?

Skilders en fotografe maak meermale gebruik van 'n prentsoeker om tussen al die duiende beelde in die lewe 'n foto raak te sien. Streef na eenvoudige onderwerpe en vermy oormaat. Maak vir jousef soos volg 'n prentsoeker: Gebruik karton en maak 'n reghoekige raam met buiteafmetings ongeveer 20 x 25 cm en binneafmetings ongeveer 10 x 15 cm. Merk die binne- en buiteafmetings af om sodoende die vier hoofkospunte te definieer (sien ook verder by dagstuk 3). Vir verdere toeligting, indien nodig, soek op internet na voorbeelde deur onder andere die term "picture frame photography" te gebruik.

Soek op internet na die skildery Mrs Siddons van die Engelse skilder Thomas Gainsborough (1727-1788). Let op hoe volmaak dié dame in 'n reghoek ingepas is. Gebruik jou prentsoeker om sulke tonele te kry.

geskiedenis

OPDRAG



Gebruik jou prentsoeker, loop deur jou huis of elders en soek prente. Speel rond met die raam sodat jy die beste opstelling kan kry. Beproof verskillende moontlikhede en neem foto's van die tonele wat jy ontdek. Dit kan letterlik enigiets wees, byvoorbeeld die twee "manne" langs die pad tussen Vanrynsdorp en Nieuwoudtville. (Vir hierdie, en die res van dié week se opdragte, mag jy jou kamera bloot op outomaties stel en foto's neem.)

Kopiereg © Towerlantern Fotografie

WEEK 1 *wye denke*

Towerlantern Fotografie se aanlynkursusse gaan van krag tot krag. Ons noem graag die volgende wetenskaplike:

- ✓ Soos die plaaslike Potchefstroom-kursusse bestaan die aanlynkursusse ook uit 'n eerstevlak- en 'n gevorderdevlakkursus, met ooreenstemmende inhoud.
- ✓ Die eerstevlak-kursus bestaan uit 6 "weekstukke" en die gevorderde vlak uit 8 "maandstukke". Die administratiewe werkwys is só dat die lesings opvolgend aan 'n student gestuur word. Elke week- of maandstuk het opdragte wat ingestuur moet word. Na ontvangs word dit bespreek en daarmee saam word die volgende stel lesings gestuur.
- ✓ Die uitleg van beide kursusse is baie goed en kleurvol gedoen deur Fransa Vorster van Colourcode Designs. Dit staan enige persoon vry om te vra vir 'n voorbeeld van 'n weekstuk.
- ✓ Dit is interessant om te sien hoe die aanlynstudente oor die land versprei is: Van die ooste in Waterval, KwaZulu-Natal, tot die weste in Eendekuil, Wes-Kaap; van die noorde in Pretoria tot die suide in Sedgfield. En wat die buiteland betref, van Mali in Afrika tot Junglinster, Luxemburg in Europa.

FOTO


uitdaging

Maart & April

Maart

Maart se foto-uitdaging is soos volg bewoord: Neem 'n foto wat luim uitbeeld. En daarby: Dui aan watter elemente van dié wat genoem is in die artikel "*Luim in 'n foto – wat is dit?*" (in ons Maart-uitgawe) word in jou foto uitgebeeld. Die volgende is ook genoem en is belangrik: Die foto moet geneem wees gedurende die tydperk 1 tot 25 Maart 2018.

Ons het 'n hele paar inskrywings gekry, baie dankie daarvoor. Die foto hierby, *Klouter-raam in die mis*, is die wenfoto. Dit is 'n foto van Elna Geringer van Mtunzini, KwaZulu-Natal. Sy skryf soos volg oor dié en ander foto's: "... ek het oor die naweek by Qunu Falls foto's geneem. Die mis was baie dig en om my was redelik baie "spook"-beelde. Ek het gebruik gemaak van 'n groot lensopening en ook lang sluiterspoed."



Ons, die paneel, dink dat luim baie goed in dié foto uitgebeeld word.

April

Ons volgende foto-uitdaging kan soos volg gestel word en sluit aan by die tema vlak velddiepte: Neem foto's bestaande uit twee items:

- ✓ 'n enkele klein, skerp item baie naby aan die kamera, en
- ✓ 'n mooi en baie onskerp agtergrond wat pas by die voorgrond.

Die prys is weer R300 vir die beste foto. Dit staan die paneel vry om te besluit dat geen prys toegeken word nie. Die foto moet geneem wees gedurende die tydperk 1 tot 25 April 2018.

Towerlantern Fotografie
- april 2018 -

FOTOKOMPETISIES

Die volgende sake is baie belangrik as jy self 'n fotokompetisie reël:


- ✓ Formuleer die uitdaging presies.
- ✓ Stel alle voorwaardes baie duidelik.

Die volgende sake is baie belangrik as jy self aan 'n fotokompetisie deelneem:

- ✓ Lees baie presies wat die uitdaging sê.
- ✓ Bestudeer alle voorwaardes baie deeglik en kom dit noukeurig na.

Die volgende voorbeelde kan die saak help verduidelik:

- ✓ As daar 'n uitdaagvoorskrif gegee word, hou absoluut daarby. So byvoorbeeld beteken die voorskrif "mense by hul werk" dat daar minstens twee mense in die foto moet wees.
- ✓ As daar 'n datumvoorskrif gegee word, hou absoluut daarby. (Ons aanvaar daar word nie gepeuter met die kamera se datuminstelling nie!) So byvoorbeeld is 'n foto wat op 26 Mei geneem word nie toelaatbaar as die voorskrif sê 1 tot 25 Mei nie.



Die film *Loving Vincent* is 'n 2017-geanimeerde biografiese dramafilms wat die lewe van die skilder Vincent van Gogh uitbeeld. Die besondere aspek van dié film is dat dit die eerste volledige geskilderde, geanimeerde film is.

Hierdie film gaan op 19 April in Potchefstroom vertoon word: <https://www.facebook.com/events/245577495989626/>

Elk van die film se 65 000 raampies is 'n olie-verfskildery op doek. Dieselfde tegniek is gebruik as wat Van Gogh gebruik het. Daar was 'n span van nie minder nie as 125 skilders wat dié skilderye geproduseer het. Dit het reeds verskeie pryse gewen. Doen gerus die moeite om na die film te kyk as jy die geleentheid kry. Google ook die term "vincent van gogh film trailer" vir 'n lokfilm en gaan lees meer by https://en.wikipedia.org/wiki/Loving_Vincent

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs